



Dordt-Nuus

Gemeentebld Dordt Gereformeerde Kerk Orania (Los van GKSA) Januarie 2024

Eredienstye

Sondae: Oggend: 10:00. Aand: 18:00.

Katkisasie

Sondae: 8:45

Posadres: Posbus 13, Orania 8752;

Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania

Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za

Skrifoordenking

Institusie van die Christelike Godsdiens Deel 3 Hfst.3

Johannes Calvyn

DEUR DIE GELOOF WORD ONS WEERGEBORE; 'N BEHANDELING VAN BEROU

Onvergeeflike sondes

23 Die mens wat die gemeenskap met Christus opsetlik opsê, kan nie tot hierdie gemeenskap terugkeer nie

As jy jou aandag goed daarop toespits, sal jy begryp dat die apostel inderdaad nie van twee gevalle praat nie maar van die algemene verval waardeur verworpenes van hulle saligheid afstand doen. Dit is egter nie verbasend dat mense van wie Johannes verklaar dat hulle nie onder die uitverkorenes was van wie hulle afvallig geword het nie (1 Joh.2:19), agterkom dat God onversoenlik is nie. Hy rig sy betoog trouens op mense wat hulle verbeel het dat hulle die Christelike godsdiens weer terug kan kry al het hulle eenmaal daarvan afvallig geword. Dit is hulle wat hy van hierdie valse en verderflike indruk terugroep en aan wie hy iets sê wat baie waar is, nl. dat die mense wat willens en wetens die gemeenskap met Christus verwerp het, nie daarheen kan terugkeer nie. Dit is egter nie mense wat eenvoudig met 'n onbeteuelde losbandige lewe die Woord van die Here oortree wat die gemeenskap met Christus verwerp nie, maar die wat opsetlik sy leer in sy geheel verwerp. Daar is dus bedrog in hulle afvalligheid en sonde.

Die aanhangers van Novatianus vertolk afvalligheid (Heb.6:6) tewens as iets wat iemand doen wanneer hy hom nie van diefstal of hoerery weerhou nie, ten spyte daarvan dat hy volgens die wet van die Here geleer is dat hy nie mag steel en nie mag hoereer nie.

Ek verklaar daarenteen dat daar in sy woorde 'n verswygde teenstelling aanwesig is waarin alles wat strydig is met die dinge wat hy vooraf gesê het, herhaal word. Hier word dus nie die een of ander besondere sonde nie, maar die algemene afkeer van God af en, om dit so te stel, die hele mens se afvalligheid uitgedruk. Wanneer hy dus sê dat mense wat afvallig is nadat hulle eenmaal verlig is, nadat hulle die *hemelse* gawe gesmaak en deelgenote van die Heilige Gees geword het, nadat hulle ook die goeie Woord van God en die kragte van die toekomstige tye gesmaak het (Hebr.6:4), moet ons daaronder dié mense verstaan wat die lig van die Gees met hulle opsetlike goddeloosheid versmoor en die voorsmaak van 'n hemelse gawe uitgespoeg het; dié wat hulle van die heiligmaking van die Gees vervreem en die Woord van God en die kragte van die toekomstige tye vertrap het. Om die gewisse bestemming van hulle goddeloosheid nog beter uit te druk, voeg hy later op 'n ander plek uitdruklik die woord *vrywillig* by. Wanneer hy tewens sê dat daar geen offer meer oorbly vir die wat moedswillig gesondig het nadat hulle die kennis van die waarheid ontvang het nie (Hebr.10:26), bedoel hy nie daarmee dat Christus nie 'n ewige offer is om die ongeregtighede van die heiliges te versoen nie. In sy verduideliking van die priesterskap van Christus roep hy dit trouens in die hele brief openlik uit. Hy sê egter wel dat daar geen ander offer meer oorbly wanneer mense van hierdie offer afgewyk het nie. 'n Mens wyk inderdaad daarvan af as hy die waarheid van die evangelie openlik loën.

* * * * *

Seënbede

Verjaarsdae: Die volgende br's en sr's wat in Januarie verjaar, word van harte gelukgewens: Martinus Erasmus die 4de; Klein van Vuuren die 14de; Elsie Venter die 18de en Cecile Strauss op die 22ste.

Huwelikshedenkings: Br en sr Emil en Lounel de Villiers word gelukgewens met die herdenking van die groot dag wat op die 29ste Januarie herdenk word. Mag julle die HERE se seën ryklik die komende jaar ervaar.

* * * * *

Lief en leed

Terug uit Amerika: Ons wens br. Lindenberg Tomlinsen hartlie welkom terug by ons na amper 9 maande in die vreemde.

Siekte: Br. Daniel du Toit het Saterdag 6 Jan 'n pasaangeër gekry en is alreeds ontslaan. Hy sterk nog op die plaas by dogter sy Erna aan. Ons is dankbaar teenoor die Here dat Hy hom deur hierdie krisis gedra het en loof en dank Hom daarvoor. Sr. Cecile Strauss is nog steeds siek en ons bid vir haar spoedige herstel.

* * * * *

Zacharias Ursinus (1534-1583)

Verlede jaar 2023 was dit die 460 jaar gelede dat die Heidelbergse Kategismus as leer- en belydenisboek in die Paltz, een van die ongeveer 30 staatjies van Duitsland, aanvaar is. Na die stryd tussen die Lutherane en die Gereformeerdes oor die nagmaal en die die keurvors se bekering tot die Gereformeerde leer, was hy baie bekommerd oor die onkunde van sy onderdane. Daarom het hy opdrag gegee om 'n kategismus op te stel. Daarvoor het hy 2 manne gekies wat die leiding daarin moes neem nl. die 28 jarige prof. Zacharias Ursinus en 26 jarige hofprediker, Casper Olivianus, wat die hoofsaamstellers was.

Dit moes 'n eenvoudige leerboek van die belydenis van die kerk wees. Dit het gevolglik ook die vorm en inhoud bepaal. Voordat die finale teks saamgestel is, het Ursinus twee ontwerpe opgestel. Dit was wel in die vorm van vrae en antwoorde, maar dit was meer onpersoonlik gestel, soos: “Wat is die oorsprong van die sonde?”; “Wie is God?”; “Wat is die doop?” ens. In die laaste ontwerp wat uiteindelik aangeneem is, word die vraag en antwoord persoonlik gestel, en doen 'n direkte beroep op jou eie hart en lewe: Sondag 26 vr.69: “Hoe word **hy** in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis **jou** ten goede kom?” Dit sluit direk aan by die Skrif en dring direk deur tot die diepste grond van ons lewe.

In 1562 het die sinode van Heidelberg die kategismus goedgekeur en in 1563 het dit verskyn. Frederik het self op 19 Jan.1563, die voorrede geskryf.

Die leerboek moes in kerke en skole kom om die mense op te voed in die waarhede van die Bybel. Om hierdie doel te bereik was predikante verplig om by elke oggend-erediens 'n gedeelte van die kategismus duidelik voor te lees. In die middag- of aanddiens moes die prediking aan die hand van die kategismus plaasvind. Sommige seuns of meisies moes dan die vrae wat hulle tuis of by die skool geleer het, in die openbaar opsê. Dikwels was daarvoor maar min lus, sodat die kinders uit die weeshuise daarvoor uitgekies is. Kategismus-prediking is al bekend vóór hierdie gebruik in die Paltz ingevoer is, soos by die vlugteling gemeente in Londen waar gepreek is uit die kategismus wat deur a'Lasco opgestel is.

In die vorige Dordt-Nuus het ons kortliks iets van Casper Olivianus deurgegee, en nou oor Zacharias Ursinus.

Zacharias Ursinus

Ursinus is op 18 Junie 1534 in Breslau, Duitsland, gebore. Sy vader was Andreas Bär. Reeds op 15- jarige leeftyd het hy in Wittenberg gaan studeer waar hy by Philip Melanchton, Luther se opvolger, tuisgaan. Hy was daar tussen 1550 en 1557. Soos baie geleerdes van daardie tyd het hy sy naam ook ver-Latyns. Sy van Bär (of Baer), wat beer beteken, vertaal hy na Latyn met dieselfde betekenis, en word hy Ursinus. Melanchton het hoë agting vir sy intellektuele gawes en geestelike volwassenheid gehad en hom dwarsoor Europa aanbeveel. Hy was ook lewenslank die beskermeling van die medikus Johannes Crato von Krafftheim, ook van Breslau.



Zacharias Ursinus (1534-1583)

Hy het verskillende universiteite besoek en het kennis gemaak met Calvyn, Bucer en Bullinger. Sy verblyf aan Lyon en Orléan het van hom 'n Hebreeuse deskundige gemaak. Terug in Breslau gee hy 'n pamflet oor die sakramente uit wat die gramskap van die Lutherane opwek. Hulle het hom beskuldig dat hy meer Gereformeerde as Luthers was. In 1557 reis hy saam met Melanchton na Worms. En in 1561 beveel die Italiaanse Hervormer, Peter Martyr Vermigli, hom by die Keurvors Frederik aan, wat hom as professor aanstel by die Collegium Sapientiae (Kollege van Wysheid) in Heidelberg.

Hier het hy die voorbereidende konsepte vir die Heidelbergse Kategismus voorgelê.

Na die dood van Frederik in 1576, het sy Lutherse seun, Ludwig IV, hom opgevolg en Ursinus sowel as Olivianus, ontslaan. Hy word toe professor by Casmiriam, 'n Gereformeerde akademie in Neustadt an der Weinstraße, van 1578 tot met sy dood op 6 Mei 1583, op 48 jarige ouderdom.

Ursinus se seun en twee van sy leerlinge het in 1612 'n vollediger versameling van sy kategetiese lesings uitgegee, nl., *Het Schatboek der verclaringen over de Catechismus*. Dit was een van die belangrikste teologiese handboeke onder die 17de eeuse Gereformeerde Christene, veral in Nederland. In Amerika is die Ursinus College in 1869 gestig en ter ere van hom benoem.

Verskillende verklarings van die Heidelbergse Kategismus

Verskillende mense het kommentare oor die Heidelbergse Kategismus uitgegee. Eers kry ons die verklaring van

Ursinus self, wat deur Festus Hommius as "*Schatboek*" in 1617 uitgegee is. So het daar deur die jare verskeie kommentare van verskillende outeurs verskyn. Die suiwer Nederlandse teks is deur Rutgers in die Flakkese uitgawe versorg. Dr A Kuyper, J. Bavink, H.A. van Andel, B. Wielinga en nog ander het kommentare in Nederlands uitgegee. Behalwe die reeds genoemde Duitse tekste, kry ons die Duitse teks van die derde uitgawe sowel as die Engelse teks van die *German Reformed Church* van Amerika, van 1859. In Suid-Afrika het ook al verskeie goeie verklarings verskyn o.a. van dr. K.S. van Wyk de Vries, *Die Leer van ons Kerk*, 1958 en dr. A. Bogaarts, *Troos, troos my volk*, 2007.

Dordtse Sinode 1618-1619

Die Heidelbergse Kategismus was so volkome in ooreenstemming met die Bybel dat die Dordtse Sinode dit tot amptelike Belydenisskrif van die Gereformeerde Kerke verklaar het en saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls die *Drie Formuliere van Eenheid* van die Gereformeerde kerke wêreldwyd, vorm. Alle ampsdraers, hoogleraars, regente en onder-regente van teologiese instellings, rektors, skoolmeesters en sieketroosters moes deur hulle ondertekening hulle instemming daarmee betuig.

Die buitelandse afgevaardigdes het die kategismus geroem en verklaar dat dit volledig in ooreenstemming met die leer van die Skrif is. Vorige sinode-besluite oor die Kategismusprediking is beaam en in die Kerkorde opgeneem. Daar is wel opgemerk dat sommige predikante partykeer nalatig is of teenstand bied (die Remonstrante). Maar daarmee moet volhard word al sou net die predikant en sy gesin dit bywoon en so 'n voorbeeld stel.

Verder moet daar op drie terreine katekisasie onderrig word:

- * By die huis, deur die ouers;
- * by die skool, deur die onderwyser en
- * in die kerk, deur die predikant.

Die onderwyser kry nog die taak om te sorg dat die kinders getrou die katekisasie-prediking volg wat kort en bevatlik moet wees.

Hierdie besluit van die Dordtse sinode het ryke vrugte gedra. In tyd van verval kon daar met behulp van 'n geskrif soos die kategismus koers gehou word, in lyn met die Woord.

Suid-Afrika

Tot vandag toe word dit as die belangrikste leerboek in die Gereformeerde kerke oor die wêreld en ook hier by ons in Suid-Afrika gebruik.

Die eerste sieketrooster, Willem Wylant, wat in 1652 saam met Van Riebeeck gekom het, het die volgende studiemateriaal o.a. saam gekry: die Bybel, die Huysboek van Bullinger, die Groot Kategismus van Ursinus (die *Skatboek*), en vir die eredienste 'n bundel preke van Philippus Lansbergen. In sy rapport vermeld Wylant dat hy 'n begin gemaak het met die katekisasie en die godsdienst onderrig van die jeug. Die een week het hy 'n preek gelees oor 'n teks uit die Bybel en die volgende 'n kategismus-preek uit die boek van Lansbergen. Hy het die jongmense die vrae laat opsê wat hulle met een of twee tekste uit die Bybel moes bewys. As dit vandag so onder die erediens moet gebeur sal daar seker 'n opskudding wees.

In Suid-Afrika het die liberalisme, veral na die Tweede Britse Besetting, eers geleidelik in die kerk deurgewerk, maar later openlik deurgebreek. Veral die Belydenisskrifte o.a. die Heidelbergse Kategismus was in die spervuur. Bv.: In Queenstown praat ds Naudé smalend van die "orakelspreuke van die vaders" waardeur hy sy minagting vir die Belydenisskrifte uitspreek. In verband met die Kategismusprediking het die sinodale kommissie verklaar dat dit nie alleen 'n uitlegging moet bevat nie, maar ook 'n verdediging van die Kategismus op grond van die Woord van God. Daarop reageer ds Kotzé van Darling dat hy die woorde in vraag 60 van die Heidelbergse Kategismus "dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is", nie kan verdedig nie. Hy gaan nog verder en in die openbaar sê hy: "Hierdie woorde behels 'n taal wat nie eens in die mond van 'n heiden waarheid sou bevat nie, of hy moes 'n duiwel wees, veel minder nog in dié van 'n Christen wat deur die genade van God wedergebore is". Dat Paulus, 'n wedergebore kind van die Here, in Rom.7:23 skryf dat hy stryd moet voer teen "die sonde wat in my lede is" noem Kotzé nie.

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is dit nog steeds die gebruik om, soos die Dordtse Sinode bepaal het, een maal per Sondag uit die kategismus te preek. Dat dit weens die afval dikwels in sommige gemeentes nie gebeur nie, is betreurenswaardig. Hieroor bepaal artikel 68 van die Kerkorde van die GKSA hoe oor die Heidelbergse Kategismus gehandel moet word, dit lui:

"Die bedienaars van die Woord moet op Sondae, gewoonlik die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitleë en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondagsafdeling daarvan."

In hierdie tyd van verval, soos ons vandag beleef, is dit nodig om die Kategismus, wat ons telkens terug na die Woord neem, weer ernstig onder oë te neem.

* * * * *

Geref. Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

Afskeiding van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

8 Frankfort (1911)

Net soos op Lindley, is ds. S.J. Du Toit ook vóór die stigting van die gemeente Onder die Kruis op Frankfort, deur lidmate van die NG Kerk versoek om dienste daar te kom hou. Hier was ook mense wat hulle met die rigting van die reeds afgeskeie Kruisgemeente vereenselwig het.

Deur die Engelse Oorlog is sake hier ook nog meer vertroebel en was daar spanning tussen twee groepe, naamlik tussen die "bittereinders" wat in die oorlog tot die einde geveg het, en die "hendsoppers", wat liefies gesien het dat die oorlog nooit begin is nie. Die kerkraad het probeer om vrede tussen die twee groepe te bewerkstellig, maar kon nie daarin slaag nie. Veral R.J. van Rensburg het hom kwaai uitgedruk teen die hendsoppers en hulle beskuldig van die dood van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe. 'n Paar maande later het hy erken dat "Hij verkeerd gesproken heeft door te zeggen dat de wilde Boeren de oorzaak geweest zijn van den dood der vrouwen en kinderen in de kampen, maar zijne mening was dat de Regering daarvan de oorzaak was" (Notule, Kerkraad N.G.Kerk Frankfort, 23 April 1904).

Dit was egter nie al beroering in die gemeente nie. Die Kerkraad het 'n aantal lidmate gesensureer omdat hulle wapens teen die Boere opgeneem het. Hierby kom nog die onaangename verhouding wat daar bestaan het tussen die burgers wat tot die einde geveg het en die "hansoppers". Hoeveel van lg. daar op Frankfort was, is moeilik om te bepaal, maar dit kan nie ontken word nie dat heelwat van hulle by die Kruisgemeentes aangesluit het. Die "hansoppers" sou in ds. S.J. du Toit se standpunt ten opsigte van die oorlog gegeglo het en waar hulle ná die oorlog as "misdadigers bestempel is, was hulle nie bereid om die beskuldiging te aanvaar nie aangesien hulle by hulself oortuig was dat hulle reg gehandel het (Oberholster, 1956:261-262).

Hierdie nasleep van die oorlog was nog nie iets van die verlede nie, toe ds. Du Toit op 28 Februarie en 1 Maart 1906 op Weltevrede, die plaas van R.J. van Rensburg, dienste gehou het. Die kerkraad het hiervan geweet maar niks gedoen nie omdat hulle onder die indruk was dat ds. Du Toit bedank het as predikant van die NG Kerk en dat hulle dus niks aan die saak kon doen nie. (Oberholster, 1956:262).

Twee maande later was ds. Du Toit weer daar en het vir ongeveer 200 mense erediens gehou. Aan die kerkraad is berig dat hulle sekere sake in orde moes bring, anders sou hierdie mense 'n aparte gemeente daar stig. Veral twee manne was daarin gemoeid. Een se saak is versoen, maar met die ander een, 'n sekere G. Muller, kon sake nie in orde kom nie omdat hy verklaar het dat hy nie uit wraaksug die wapens teen die boere opgeneem het nie maar om sy eiendom te beskerm; daarom is hy vals beskuldig (Oberholster, 1956:262).

Behalwe hierdie woelinge wat die oorlog veroorsaak het, was daar ook nog ander wat ontevrede was met die gang van sake in die NG Kerk. Juis in dié tyd het daar 'n aantal gesinne - lidmate van die Kruis-gemeente van Strydenburg - die distrik binnegetrek. Ds. Du Toit het hulle kom besoek en ook Woord en Sakramente aan hulle bedien, waaraan ook lidmate van die NG Kerk deelgeneem het. (Oberholster, 1956:262-263).

'n Ander rede waarom dit uiteindelik tot aparte kerkstigting gekom het, was die eienaardige optrede van die kerkraad teenoor 'n sekere broeder C.M. de Beer, wat as gevolg hiervan vervreemd geraak het van die Kerk en later die leiding geneem het om 'n Gereformeerde Kerk onder die Kruis te stig. C.M. de Beer het al in 1892 gewaarsku teen die "nuwighede" (wat tevore in Dordt-Nuus Maart tot Junie 2023, behandel is). Daaruit blyk dat hy toe al dieselfde sienwyse as die Kruiskerke gedeel het. Sy waarskuwing is hom dan ook ten kwade gereken daar die voorsitter hom toegevoeg het: "dit is de verderflike *Getuige* van Du Toit, waarop hy verklaar dat hy nog nooit van die *Getuige* gehoor het nie (Oberholster, 1956:263).

Br De Beer is as ouderling gekies maar nie bevestig nie weens die uitbreek van die oorlog. Na die oorlog moes br. De Beer na die Boland vir sake. By sy terugkoms is daar "'n kerkraad gekies en voorgesteld" (bevestig). Toe hy vra wanneer word hy bevestig, is aan hom gesê: "dat sy tyd om was". Hierdie handelswyse van die kerkraad het 'n reeds bestaande kloof nog wyer gemaak. Die antwoord aan De Beer skep die indruk dat daar 'n hele nuwe kerkraad verkies is en dat die meerderheid nie De Beer op die kerkraad wou hê nie. In 1908 het M.C. de Beer weer op 'n tweetal gekom, daar is beswaar teen hom aangeteken en as rede aangevoer dat hy "de leer onzer kerk niet volgt en eene geheel andere richting gaat". Hierop besluit die meerderheid dat sy naam van die kieslys geskraap moes word. Op dieselfde vergadering is daar 'n brief van De Beer voorgelees waarin hy sê dat hy hom "zeer gekwetst gevoelt over de handelwijze van den kerkraad". Aan die kommissie wat hom besoek het, het hy gesê dat hy beswaard voel oor die wyse waarop hy sedert die oorlog behandel is (Oberholster, 1956:263-264).


Sake het 'n tyd lank so voortgeduur tot in April 1910 toe die beswaardes gevra het vir 'n gemeentevergadering waarin hulle hul saak kon stel en dit bespreek kon word. Aangesien die sake net in die algemeen genoem word het die kerkraad in Mei besluit hulle kon niks aan die saak doen nie, maar laat weet die beswaardes eers in die begin van Julie aangehoor kon word.. Die beswaardes was nie tevrede nie en dring weer op 'n gemeentevergadering aan. Die kerkraad stem daartoe in om hulle ontmoet. Maar daar het niks van gekom nie en op 13 Febr. 1911 ontvang die kerkraad 'n brief

van 'n aantal lidmate wat gemeenskap met die NG Kerk opsê. Sonder verder pogings van die kerkraad om hulle tot ander insigte te bring, is dit netso aanvaar. (Oberholster, 1956: 265).

In die brief word die gronde vir hierdie stap aangedui, naamlik dat hulle nie die Kerk van die vaders verlaat nie, maar dat die NG Kerk nie meer die Kerk van die vaders is nie en nie meer die tekens van die ware kerk vertoon nie, maar meer dié van die valse kerk volgens die geloofsbelydenis. "...zij oefen niet meer de reine Predicatie des evangelies zooals gemelde Nederlandsche Geloofsbelydenis zulks bepaald (art.7) ... In strijd hiermede zien we dagelijks onschriftuurlijke leeringe en praktijken bij toeneming de overhand nemen in de Ned.Geref.Kerk, waardeur zij aldus toedoen aan de Schrifture en de Schrift zelve verwerpt, die op zoodanige algenoegzaamheid aanspraak maakt. Daarentegen worden grondstukken van Gods Woord en onzer Gereformeerde Belydenis zooals de leer van verkiesing en verwerping van de menschen onmagt ten goede, van de vrijmachtig en onwederstandelijke werking des Heilige Geestes bij de waarachtige bekering en wedergeboorte, de leer der biezondere genade die van volharding der heiligen, de verbondsleer enz. der mate verzaakt in de Ned.Geref.Kerk dat de meerderheid harer leden die leerstukken niet meer kennen, erkennen en geloven, maar dikwijls lochenen en bestrijden. Over de Profeten in verband met de tekenen der tijden en Christus naderende toekomst, wordt haas nooit gepredikt..." (Oberholster, 1956: 265-266).

Ook die sakramente word nie meer bedien soos Christus dit ingestel het "maar vertoont ook in dezen veeleer het merkteken ener valse Kerk". Die grond vir die aantyging is omdat dele van die formuliere weggelaat word; die verbondsleer verwaarloos word; doopgelde betaal word; en die Nagmaal in die banke bedien word. Verder word die tug nie toegepas nie. "Waar word bijvoorbeeld nog iemand gestraft in de Ned. Geref. Kerk wegens onzuiverheid in de leer?" (Uit Notule, *Kruisgemeente Frankfort*, 3 Febr.1911, Oberholster, 1956: 266).

"Wij verlaten dan ook niet de Kerk onzer vaderen, maar verlaten de Ned.Geref.Kerk juist omdat zij niet meer de Kerk onzer vaderen is, maar van de zuivere leer en instellingen der vaderen is afgeweken waartoe wij wenzen terug te



Die eerste Gereformeerde kerkgebou Frankfort, in gebruik van 1913 tot 1963. Die argitek was William Henry Ford. Mev. Anna Aucamp se ouers se getuienis oor hoekom hulle by die Gereformeerde Kerke onder die Kruis aangesluit het, is onder die hoeksteen ingemessel

keren...Wij voelen ons geroepen door Gods Woord en Geest onder de drang van ons geweten de N.G.Kerk te verlaten," omdat alle pogings om die afwykinge uit die weg te ruim tevergeefs was en omdat Arminiaanse dwalinge en onbybelse en ongereformeerde nuwighede daeliks meer toeneem. Hulle gaan uit om nie "gemeenskap aan haar sonde" te hê nie en dan word Openb.18:4 o.a. aangehaal. Ook die perikoop 2 Kor.6:14-18 word ook as grond aangegee, vers 17 Lui: "Daarom gaat uit het midden van hen, en scheid u af, zegt de Heere..." (Uit Notule, *Kruisgemeente Frankfort*, 3 Febr.1911 Oberholster, 1956: 266).

Tien dae ná die beswaardes hul lidmaatskap opgesê het, het hulle op 23 Februarie 1911 op die plaas Weltevrede saamgekom en 'n selfstandige gemeente gestig. Br. C.M. de Beer het as voorsitter by die vergadering opgetree. Hy het die volgende gesê: "Jaren lang heb ik vruchteloos alle pogingen aangewend om te getuigen tegen vele afdwalingen in in de Ned.Geref.Kerk te Frankfort in strijd met God se heilige Woord, en om recht en waarheid te herstellen. En lankmoedig alles verdragen hebbende om der uitverkoorenen wil, zie ik mij nu genoodzaakt haar te verlaten met eene openbare getuienis" (Uit Notule, *Kruisgemeente Frankfort*, 3 Febr.1911, Oberholster, 1956: 266).

Op die vergadering was ook teenwoordig oudl. C. Du Plessis van die Kruisgemeente Lindley wat uit Voetius voorherlees het i.v.m. die stigting van gemeentes. Ook is 'n brief van ds S.J.du Toit voorgelees waarin hy hulle voorsê dat hulle 'n keuse het om:

- 1) by die Gereformeerde kerk aan te sluit of
- 2) by die Gereformeerde Kerke onder die Kruis.

Na die bespreking is toe besluit om 'n Gereformeerde Kerk onder die Kruis te stig (Oberholster, 1956:267).

Ds. M. Postma van Johannesburg, wat kort tevore nog aan Lindley berig het dat die predikante van die Gereformeerde Kerk hulle nie kon help nie, was nou gewillig om die kerkraadslede te kom bevestig. As oudle is verkies: C.M. de Beer en R.J. van Rensburg, as diakens L. van Rensburg en J. Muller. Daar was 68 belydende lidmate en 77 dooplidmate. Van die N.G.Kerk Heilbron sluit later by die Kruisgemeente Frankfort aan, dus nog 9 belydende- en 6 doop-lidmate (Notule 9 Des.1912, Oberholster, 1956: 267).

Die gemeente was baie entosiasies en besluit om 'n kerkgebou op te rig. maar sover het dit nie gekom nie want die meeste lidmate van die Kruisgemeentes het na die dood van ds. S.J. du Toit, op Sondag 28 Mei 1911, besluit om by die Gereformeerde Kerk in te skakel.

Die inskakeling het eers plaasgevind in Maart 1913, met die Gereformeerde Kerk se Algemene Vergadering van die Vrystaat op Reddersburg waar Lindley en Frankfort amptelik aansoek gedoen het om opgeneem te word. Aan die deputate van die Gereformeerde Kerke van Ladybrand en Venterdorp is opdrag gegee om die kerkrade van Lindley en Frankfort behulpzaam te wees om aan die inlywing uitvoering te gee.

So het die laaste Gereformeerde Kerk onder die Kruis tot stand gekom.

Van dié agt kerke onder die Kruis, bestaan nog net Lindley, Frankfort, Carolina en Clanwilliam as Gereformeerde Kerke. Weens die ontvolking van die platteland, het die res ontbind.

Ds. S.J. du Toit se bediening van die Kruisgemeentes

Die bediening van al hierdie Kruisgemeentes het op die skouers van ds. S.J. du Toit gerus. Hy het hulle uit beginsel sonder 'n vaste traktement bedien en was tevrede met die vergoeding van sy reiskoste en wat die kerkrade hom verder gegee het. Vir hulle geldelike inkomste was die gemeentes afhanklik van vrywillige offers en kollekte by die eredienste. Ds. Du Toit het van tyd tot tyd herderlike reise vanuit die Paarl onderneem om die verskillende gemeentes te bedien; en afgesien van die gestigte gemeentes het hy ook 'n aantal "Broederkringe" besoek en dienste gehou (Oberholster, 1956:271)..

Ds. Du Toit kon weens siekte nie die kerkraadslede op Frankfort kom bevestig nie. Hy het Augustus die vorige jaar, 1910, 'n besoek aan die Kruisgemeente, Calvinia, gebring om teenwoordig te wees "by die 100 jarige verjaardag van 'Oupa Klaas Louw". Met die verjaarsdagviering kry hy 2 bemoedigende telegramme: een van sy vrou dat alles tuis nog wel was en een dat sy jongste seun uit sy eerste huwelik nl. J.D. du Toit (Totius) wat as professor benoem is in "de Teologie voor de Gereformeerde Kerk". Daarop gaan hy vir 'n paar dae na sy pleegkinders Frans en Kitt van der Merwe aan De Drift so 7 uur daarvandaan. Daar kry hy 'n telegram van sy vrou wat hom laat weet dat sy oudste seun skielik aan sy hart oorlede is. Sondag môre moes hy nog 2 dienste hou voor hy kon terug wat nog 5 dae se reis beteken het. Op sy haastige terugreis val sy perdekar kort voor Clanwilliam om en doen hy beserings op wat sy gesondheid knou en hom vir 'n groot deel van die res van sy lewe bedlêend hou. Op Sondag 28 Mei 1911 is hy op die plaas Kleinbosch op Dal Josafat oorlede en daar begrawe.

(volgende keer verder)

* * * * *

Uit die pers

Stam-volke kom na Christus – via Skeppingsleer evangelisasie

Ethnos360 (formeel New Tribes Mission) raporteer die volgende oor die bekering tot Christus van baie van die Menya stam-volk in Papua Nieu-Geneë. Wes en Penny Cambell en Joseph en Elizabeth Osborn het vir baie jare daaraan gewerk om die moeilik taal van die Menya mense aan te leer. Hulle het allerhande programme geskryf om in die hart-taal van die volk te kan leer en onderwys gee. Hulle het begin by die skepping en hulle geleer hoe Adam en Eva gesondig het en die sondige natuur op hulle nageslag laat neerkom het, en die toorn van God op sondaars gebring het (die Sondvloed en Toring van Babel ens.).

Die Manya stam-volk het niks van God geweet nie, maar soos hulle die Bybelse geskiedenis geleer het, het hulle in Hom geglo en gevrees. Hulle het besef dat hulle hopelose sondaars was, wat die dood verdien het, maar het verwag dat die hoop aan kom is. "God self sal ons sondige natuur herstel" het een dame gesê.

Toe hulle die goeie nuus hoor dat Jesus die straf vir ons sonde gedra het, deur hulle skuldbrief en dood te kansleer (Kol.2:13-14), het hulle dit met blydskap aanvaar. En die Menyaanse kerk is gebore.

Die sendelinge se ondervinding met ander stamme het getoon dat die bekerings wat die gevolg was van só 'n benadering, diep en opreg en langdurig is. Dit is die krag van 'skeppings evangelisisme', soos die apostel Paulus gebruik het in Hand.17:22 vv, is. Hierdie stamme is – soos baie mense in die 'eerste wêreld' lande vandag – onkundig oor die dinge van God. Dus het ons nodig om na hierdie Bybelse model – beginnende by die Skepping vanaf Genesis 1 en verder – om die mense wat nie Godvresend is nie, te evangeliseer (Ethnos360 Magazine 81(3):4-11, 2018; Ethnos360.org).

* * * * *

Openbaring het twee swaartepunte:

NGB artikels 2 - 7

- a. **God vertel die mense van Homself**, Sy dade, Sy wil en wat Hy van hulle verwag. Hy neem bv. vir Noag, Abraham en Moses in Sy vertroue en vertel hulle wat Hy wil doen (Gen. 6:13 -21; 12:1 v.; 15:13 - 21; Ex.3: 7 - 22). Hy openbaar aan Israel die wette en beloftes van die verbond (Ex.20 - 23; Lev., Deut. ens.). Hy maak Sy bedoeling bekend aan die profete (Amos 3:7). Christus vertel Sy dissipels: "Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy (die Heilige Gees) dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig" (Joh.16:15). (Opmerklik: Christus maak die Vader bekend en die Heilige Gees maak Christus bekend — Joh.16:12 vv.; Matt.11:25-27). Daarom praat ons van "geopenbaarde waarheid" wanneer ons verwys na die Bybel (Ef.1:9; 3:3-11; 2 Thess.2:11- 13; 2 Tim.2:18).
- b. **Aan die ander kant konfronteer God die mens met Homself wanneer Hy Sy Woord tot hom bring**. Die Bybel beskou "openbaring" nie alleen as die blote bekendmaking van wat verborge is nie, maar as **God se persoonlike koms na die mens, met Sy genade en oordeel** (Gen.35:7; Ex.6:3; Num.12:6-8; Gal.1:15vv.) Dit leer ons bv. uit die sg. "theofanië" in die Ou Testament (d.i. verskyninge van God: Ex.3:2 v.; 19:11-20; Eseg.1 ens.). God is nie alleen die Skrywer of Sender van Sy gesante nie — Hy is self die BoodsAPPER — met Sy boodskap, staan Hyself voor die mens. **Wanneer 'n mens die Woord van God hoor — soms skynbaar toevallig — dan is dit nooit maar 'n blote woord nie; Hy staan voor God self** (ds. M.J. Booyens, *Glo en Bely*, 1980:59,60).